Meltwater
Outside Insight

Publication: Landbouweekblad - Inside
Title: Botswana hef verbod op SA grane op
Publish date: 06 Feb 2025
Page: 19

Reach: 14007
AVE:R 39533.67
Author: VIDA BOOYSEN, NICO VAN BURICK en MICHELLE VAN DER SPUY

Botswana hef verbod op SA grane op

Botswana het sy kortstondige verbod op die invoer van sekere Suid-Afrikaanse grane en grasse op 24 Januarie opgehef. Die verbod is op 16 Januarie ingestel nadat die voorkoms van die siekte Goss- bakteriese verwelk en blaarskroei bevestig is.

Die gasheerplante vir die siekte sluit onder meer in mielies, koring, sorghum, suikerriet en sekere grassoorte, soos Soedangras. Dit is dus van die landbougewasse waarop die invoerverbod ingestel is.

Die opheffing van die verbod, wat onmiddellik van krag is, het gevolg ná intensiewe onderhandeling tussen die Suid-Afrikaanse departement van landbou en sy eweknie in Botswana.

Een van die faktore wat die deurslag gegee het, is die feit dat die nuwe siekte hoofsaaklik deur mieliesaad versprei word en nie deur graan nie. Permitte vir die invoer van mieliesaad na Botswana bly dus gekanselleer, volgens Lotseng Sebetwane, waarnemende direkteur van plantgesondheid van Botswana.

"Die invoer van mieliesaad sal onder hersiene voorwaardes geskied en kliënte word aangeraai om aansoek te doen om nuwe invoerpermitte."

Die Namibiese departement van landbou, water en grondhervorming het op 23 Januarie 'n verbod geplaas op die invoer van mielies, palmbome en verwante produkte uit die Vrystaat, Noordwes en Mpumalanga in reaksie op die voorkoms van die verwelksiekte en knopvrotsiekte (*Phytophthora palmivora*) in dié provinsies.

Volgens die Namibiese landboutydskrif *Agriforum* word knopvrotsiekte as een van die verwoestendste plantsiektes in tropiese streke beskou. Dit raak onder meer palm-, rubber-, kakao- en papajabome. Die departement het alle invoerpermitte wat vir mielies, palmbome en hul verwante produkte uitgereik is, herroep. Die verbod het teen druktyd nog gegeld.

Graan SA het in 'n brief aan sy lede gesê daar is nog geen rede vir grootskaalse kommer of handelsbeperkings weens die verwelksiekte nie.

Graan SA sê amptelike monitering word gedoen, en 'n opname het tot dusver aangedui dat die siekte nie op groot skaal voorkom of versprei nie. "Om die mark en handel te beskerm, is die departement besig met 'n risiko-ontleding en -samestelling wat gebruik word om inligting te verskaf aan lande wat met Suid-Afrika handel dryf."

– VIDA BOOYSEN, NICO VAN BURICK en MICHELLE VAN DER SPUY

www.meltwater.com/za | Cape Town: +27 21 838 5100 | Johannesburg: +27 11 028 2172 | Copyright © Meltwater News (Pty) Ltd.